LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI

Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

28 Januarie 2021

Geagte Ouers

Laerskool Park wil graag van die geleentheid gebruik maak om al die Park-leerders en -ouers/voogde terug te verwelkom na ‘n “vreemde” Desembervakansie. Ons hoop dat almal die ruskans gebruik het om u liggaam en siel te voed en om familiebande te versterk. 2021 gaan na alle waarskynlikheid ’n jaar wees waarin baie grense getoets gaan word, ’n jaar waarin onderwysers en ouers eienaarskap gaan moet neem van hul eie omstandighede.

Baie ouers voel dalk onseker met die Graad RR, R en 1 wat nou in vreemde omstandighede hul skoolloopbaan begin. Dit is ‘n nuwe ervaring en uitdaging om gemasker skool toe te kom, sosiale afstand te handhaaf en boonop net die helfte van die klasmaats in die klas te hê. Iets waarby almal moet aanpas en gewoond moet raak. Selfdissipline, samewerking en bedagsaamheid raak deel van hul daaglikse roetine. Die personeel is gereed en sien uit om die leerders te ontvang en ons wil u die versekering gee dat hul in goeie en veilige hande is.

Ons medelye en simpatie gaan uit na elke gesin wat gedurende die Desembervakansie ‘n geliefde verloor het.

Ek hoop u en die kinders is vol entoesiasme om hierdie jaar aan te pak. Ons tema vir die jaar is iets wat ons deel van ons alledaagse lewe moet maak:

1. MODEL VAN TERUGKEER

Weens die handhawing van sosiale afstande, is dit nie moontlik om alle leerders op een slag terug te bring skool toe nie. Verskeie opsies is oorweeg, maar ons het besluit om by die bestaande model te hou wat ons verlede jaar gevolg het, soos aan u deurgegee met die laaste omsendskrywe in Desember 2020.

Op Maandag, 15 Februarie 2020 sal leerders met vanne van die letter **A tot L** (Groep 1) terugkeer en op Dinsdag, 16 Februarie sal die leerders met vanne **M tot Z** (Groep 2) terugkeer. Ons volg ‘n 10-dagsiklus wat beteken dat Groep 1 die eerste week op Maandag, Woensdag en Vrydag skool bywoon terwyl Groep 2 op Dinsdag en Donderdag skool bywoon. Die tweede week ruil die groepe net weer om, om dieselfde hoeveelheid onderrig te ontvang. **Tydens die alternatiewe dae ontvang die leerders tuiswerk om te voltooi.**

Daar bestaan tans nie ‘n formele skoolkalender nie. Aangeheg vind u ‘n beplande program vir die kwartaal tot 1 April.

Groep 1 (A – L): Blou

Groep 2 (M – Z): Geel

INDELING VAN ROOSTER

Siklus 1	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	15 Februarie	16 Februarie	17 Februarie	18 Februarie	19 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	22 Februarie	23 Februarie	24 Februarie	25 Februarie	26 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 2	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	1 Maart	2 Maart	3 Maart	4 Maart	5 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	8 Maart	9 Maart	10 Maart	11 Maart	12 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 3	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	15 Maart	16 Maart	17 Maart	18 Maart	19 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	22 Maart	23 Maart	24 Maart	25 Maart	26 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep	*Mense-regtedag*				
		Akademies		Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
		Datum	29 Maart	30 Maart	31 Maart	1 April	2 April
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					*Goeie-Vrydag*
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	

2. SKOOLTYE:

Leerders vanaf graad 1 tot 7 sal vanaf 07:00 tot 07:30 by geallokeerde hekke geskandeer word.

SKOOLURE 2021				
GRAADGROEP	**GR.RR en R**	**GR.1**	**GR.2 en 3**	**GR.4 tot 7**
Maandae tot Vrydae	07:30 tot 12:15	07:30 tot 13:00	07:30 tot 13:30	07:30 tot 14:00
www.parklaerskool.co.za				

Die volgende is van belang:

- Elke leerder MOET daagliks ‘n **gestandaardiseerde masker dra**. Geen leerder sal toegelaat word sonder ’n masker nie. Graad 1 gaan maskers ontvang, maar hul moet eers met hul eie masker skool toe kom totdat hul die skoolmasker ontvang.
- Enige leerder wat griepsimptome toon, moet tuis bly.
- Temperatuur sal by die hekke geneem en hande sal gesaniteer word. Indien ‘n leerder se temperatuur bo 38˚C is, sal hul na ‘n isolasiekamer geneem word. Ouers sal gekontak word om die leerder by die skool te kom haal.
- Tydens skandering sal ‘n vraelys voltooi word nadat hulle temperatuur gemeet is, nl. Hoes jy? Het jy koors? Is jy kort asem? Is jou keel seer? Was jy in kontak met ‘n persoon wat Covid het? Indien die antwoord van enige vraag **JA** is, gaan die leerder huis toe gestuur word.
- Elke leerder MOET sy/haar eie skryfbehoeftes skool toe bring – geen onderlinge uitleen van enige persoonlike items is toelaatbaar nie.
- Leerders mag hul eie handsaniteerder skool toe bring.
- Verskillende terreine is aangewys waar die onderskeie klasse pouses kan ontspan.
- Geen samedromming, rondhardlopery of speletjies mag gespeel word nie – ‘n 1,5 meter afstand moet tussen leerders gehandhaaf word.
- Daar sal ook geen snoepie wees nie. Elke leerder moet dus sy/haar eie kos vanaf die huis skool toe bring.

3. SKANDERINGSHEKKE

- Alle leerders sal die eerste dag van skool oriëntering ontvang. Alle leerders beweeg dadelik na hul onderskeie klasse nadat hulle by die hekke geskandeer is. Tydens reëndae gaan leerders dadelik na hulle onderskeie grade se gange waar hul geskandeer gaan word alvorens hul die klasse betree.

- **Graad RR en R - Klein hekkie by tennisbane**
- **Graad 1 - Klein hekkie langs Graad R se ingang**
- **Graad 2 - Nuwe deurry aflaaisone**
- **Graad 3 - Saalingang**
- **Graad 4 - Hoofingang by kantoor**
- **Graad 5 - Onderste hek in Kaapweg**
- **Graad 6 - Saalingang**
- **Graad 7 - Onderste hek in Kaapweg**



Aan die einde van die skooldag moet die leerders weer by dieselfde hekke uitgaan as waar hulle die oggend ingekom het. Geen samedromming mag plaasvind nie. Ouers moet hul kinders stiptelik op die gegewe tye kom afhaal by die skool.

4. WAGKLAS

Streng reëls geld met die sanitering en ontsmetting van die skool na ‘n skooldag. Daar word onmiddellik met ontsmetting begin soos grade verdaag om te verseker dat die hele skool daagliks gesaniteer kan word. Om hierdie rede sal daar geen wagklasse tydens hierdie tydperk plaasvind nie.

5. OUERAANDE

Ons beplan oueraande op die volgende aande:

- 17 Februarie vir Groep 1 (Vanne A tot L) om 17:30
- 18 Februarie vir Groep 2 (Vanne M tot Z) om 17:30

Tydens hierdie geleentheid kry een ouer die geleentheid om die klasonderwyser vanaf Gr RR tot Graad 7 te ontmoet. Waardevolle inligting sal ook by hierdie geleentheid aan u deurgegee word.

Alle veiligheidsprotokolle sal gevolg word en daarom sal skandering alreeds om 17:00 begin voordat u die klasonderwyser in die klas ontmoet. Maskers is verpligtend en sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word.

Die rugbyveld sal ook as parkeerarea oopgestel word. Toegang tot die skoolgronde kan by die volgende drie hekke verkry word:

- aflaaisone
- hoofingang
- rugbyveld

6. KOMMUNIKASIE

Ons gaan tans voort met Whatsapp as die kommunikasieplatvorm van die skool. Ons het ‘n baie hoë bereikingsyfer met Whatsapp gehad. Alle inligting sal ook op die webblad geplaas word. Ons gaan geleidelik van MS-Teams begin gebruik maak totdat ons meer volledig hierna kan oorskakel.

7. SPORTOEFENINGE EN VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

Die skool het besluit om met vaardigheidsontwikkeling in skooltyd en sportoefeninge middae te begin op 1 Maart. Die staatskoerant 43826 van 21 Oktober 2020 wat tans nog van krag is, laat ‘n verslapping van sportoefening toe. Nie-kontaksport mag begin oefen, maar daar is ook ‘n beperking op die aantal leerders wat die terrein mag betree. Veiligheidprotokol en sosiale afstande met maskers moet streng nagekom word. Ons gaan begin met atletiek-, swem-, tennis- en krieketoefeninge vir die spesifieke groep wat die dag die skool bywoon.

Ons het verlede jaar reeds begin met die sifting van atlete en ons gaan alle leerders weer geleentheid gee voordat ons aankondig wie in die middae gaan kom oefen. Dieselfde geld vir tennis en swem. Krieket is oop vir alle seuns.

Tye en reëlings sal met u gekommunikeer word.

8. VERANDERDE SKOOLKALENDER

Die nuwe skoolkalender is tans nog nie beskikbaar nie en ons sal dit aan u deurgee sodra ons dit van die Departement van Basiese Onderwys ontvang het. Sodra ons dit ontvang, sal ons skoolkalender en assesseringprogram aan u deurgee.

9. SKOOLBESOEKE

- Slegs ouers wat siek kinders kom haal, sal toegelaat word. Ouers MOET maskers dra indien hul kinders kom haal.
- Besoeke sal slegs per afspraak deur die kantoor geskied.

10. U VERANTWOORDELIKHEID AS OUERS

- Maak seker dat u kind ‘n masker dra.
- Dit is die ouers se verantwoordelikheid om u kind elke oggend voor skool te monitor vir siektesimptome en te besluit of hy/sy skoolgereed is.
- U kind sal verantwoordelikheid vir sy/haar eie veiligheid, gesondheid en skoolwerk moet neem. Almal sal moet saamwerk en die reëls volg, want ‘n **geen toleransie-beleid** sal gevolg word. Leerders moet ander se gesondheid, eiendom en persoonlike spasie respekteer.
- Moedig u kind aan om te alle tye hul afstand van 1,5 m te behou.
- Geen items wat tuis vergeet is, mag by die skool afgelaai word nie.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit